# TERMS AND CONDITIONS OF SALE

**IN COMPLIANCE WITH *SECTION 49 OF THE CONSUMER PROTECTION ACT, ACT 68 OF 2008,* THE CONSUMER'S ATTENTION IS DRAWN TO THE FACT THAT THE TERMS AND CONDITIONS CONTAINED HEREIN MAY CONSTITUTE A LIMITATION OF RISK AND/OR LIABILITY OF AGRICOL (PTY) LTD ("AGRICOL") AND/OR CONSTITUTE AN ASSUMPTION OF OBLIGATIONS, RISK AND/OR LIABILITY BY THE CONSUMER. THE CONSUMER MAY FURTHERMORE, IN TERMS HEREOF, INDEMNIFY AGRICOL AGAINST CLAIMS FOR DAMAGES**.

1. **ACCEPTANCE OF TERMS AND CONDITIONS**: - The placing of an order and/or taking delivery of the goods, whichever occurs first, shall constitute a full and unconditional acceptance of the terms and conditions of sale. It is further recorded that the opening of the product packaging shall constitute a further acceptance, alternatively confirmation of acceptance, of the terms and conditions contained herein.

2. **SALE & PURCHASE:**- AGRICOL hereby sells to the Consumer who purchases the goods, as identified on the order form and/or tax invoice. The purchase of the goods shall further at all times be subject to AGRICOL's policy/ies regarding to defects and/or returns.

3. **TRANSFER OF RISK & INSURANCE**:- All risk of loss and/or damage to the goods shall immediately transfer to the Consumer upon delivery thereof. Delivery shall be affected *ex works*, as contemplated in the 2010 edition of the International Chamber of Commerce's Commercial Terms ("Incoterms®"). AGRICOL will only procure insurance at the written request of the Consumer and upon such terms as the parties may agree upon in writing.

4. **QUALITY OF GOODS**:- AGRICOL takes reasonable care to ensure that its products comply with its quality standards and meet the expectations of the Consumer. In the event that the Consumer is dissatisfied with the quality of the products, the latter may lodge a formal complaint to AGRICOL in accordance with the Defects and Returns Policy and the matter shall be dispensed with in accordance therewith. The aforesaid policy may be viewed at www.agricol.co.za, alternatively shall be provided to the Consumer on request. The determination of the quality of the goods shall be performed in accordance with accepted industry practices, protocol and the International Rules for Seed Testing issued by the International Seed Testing Association ("ISTA").

5. **LABEL AND DESCRIPTION**:- The label and description of the goods, as contained on its container and/or packaging, is merely for identification purposes and shall not constitute a representation or warranty of the information contained therein.

6. **WARRANTY & REPRESENTATION**:- Unless contained in these terms and conditions of sale, no express, alternatively tacit, alternatively implied warranty or representation of any nature whatsoever is given in relation to the goods, its quality, purity and genetic purity, usages, merchantability, fitness, suitability for a particular purpose, results and/or expectations due to use or otherwise. All recommendations in respect of the goods shall be *bona fide*, not binding upon AGRICOL and not constitute a warranty of the goods' suitability for use or usefulness of whatsoever nature. AGRICOL does not warrant that the goods are free of any pests, insects, fungi, bacteria, weed seeds, chemicals or any other material and/or substance that may be harmful. The Consumer shall remain solely responsible to ensure that the goods are suitable for its intended use.

7. **PRICE & PRICE FLUCTUATIONS**:- Due to market and currency fluctuations prices of the goods may, from time to time, vary without notice. Prices are therefore not fixed and binding upon AGRICOL until expressly confirmed in writing to the Consumer. All prices quoted are exclusive of warehouse costs, transport costs, insurance, Value Added Tax or any other sales tax.

8. **STOCK AVAILABILITY & DELIVERY TIME**:- Orders are accepted in good faith and are subject to stock availability. Delivery times are not guaranteed and should only be interpreted as an estimated time of delivery. Notwithstanding the limitation of liability contained herein below, AGRICOL shall not be liable towards the Consumer for any loss or damage, of any nature, suffered as a result of its failure to supply, deliver the goods and/or to timeously deliver the goods.

9. **INTELLECTUAL PROPERTY**:- The Consumer acquires no right or license in respect of AGRICOL's intellectual property rights incidental to and/or associated with, its products, trademarks, genetics, formulae, composition or manufacturing process. The Consumer is prohibited from any unauthorised use of AGRICOL's intellectual property. The unauthorised multiplication, resale and/or trading of the seed is strictly prohibited. Once the seed has been planted, the Consumer shall not be entitled to replant or trade the harvested seed or to use same, in any manner of whatsoever nature that will infringe or limit any intellectual property rights that vests in Agricol, alternatively in which Agricol holds a vested interest. The Consumer's attention is furthermore drawn to the fact that the unauthorised multiplication and/or sale of or trade in cultivars or varieties for which Plant Breeder's rights, as contemplated in the *Plant Breeder's Rights Act, Act 15 of 1976*, or any other intellectual property rights have been registered are unlawful and strictly prohibited.

10. **PAYMENT TERMS & RESERVATION OF OWNERSHIP**: - Goods shall only be sold and delivered on a "cash on delivery" basis. The goods shall at all relevant times remain the property of AGRICOL until such time as the full purchase price, interest and cost, if any, has been paid in full. AGRICOL, in its sole discretion, reserves the right to sell and deliver goods to the Consumer on credit, albeit incidental credit or otherwise, subject to terms and conditions that the parties may agree to, which is to be reduced to writing and signed by both the Consumer and AGRICOL. All overdue amounts shall attract compound interest at the rate of 2 % per month, calculated from date of delivery of the goods to date of payment in full and capitalised on a monthly basis.

11. **LEGAL COSTS**: - All fees, costs and expenses, including costs on an attorney and client scale, collection commission and tracing fees, incurred by AGRICOL in the recovery of any amount that may be due by the Consumer to AGRICOL, or in the enforcement of any rights and/or obligations arising from these terms and conditions, shall be borne by and recoverable from the Consumer.

12. **LIMITATION OF LIABILITY**: - AGRICOL's liability towards the Consumer for any loss and/or damages (including consequential damages) shall be limited to the value of the purchase price of the goods that form the subject of the Consumer's claim. The Consumer waives and/or abandons any portion of the claim that it may in law have against AGRICOL, which exceeds the aforesaid value.

13. **COMPLETE AGREEMENT**: - This document contains the complete agreement between the parties. No variation of this agreement, including this clause, shall be of any force or effect unless reduced to writing and signed by or on behalf of the parties to this agreement.

14. **CONSENT TO JURISDICTION**: - The parties hereby consent, in terms of *Section 45 of the Magistrate's Court Act, Act 32 of 1944 (as amended)*, to the jurisdiction of the Magistrates Court, notwithstanding that the subject matter of such claim might otherwise exceed the jurisdiction of the Magistrate's Court. The parties will however reserve the right to institute proceedings in any Higher Court having jurisdiction. The parties hereby acknowledge and give their consent to the jurisdiction of the South African Courts and that any dispute of whatsoever nature, arising from this agreement, will exclusively be adjudicated by applying the law governing the Republic of South Africa.

15. **CONFLICT OF TERMS**: - In as much as the English version of the terms and conditions may be in conflict with the Afrikaans version, the English version shall prevail.

16. **AUTHORITY TO CONTRACT**: - The Consumer and signatory to this agreement hereby warrant that all internal processes has been followed and that he/she is duly authorised to contract with AGRICOL on the terms and conditions contained herein.

17. **SUCCESSFUL CULTIVATION**: - The Consumer acknowledges that the successful cultivation of all variety crops and seed may be seasonally and/or regionally bound. It may furthermore be subject to and influenced by the correct implementation of suitable, proper and accepted cultivation practices and favourable climate and/or warehousing conditions.

# VERKOOPSVOORWAARDES

**IN VOLDOENING AAN ARTIKEL *49 VAN DIE VERBRUIKERSBESKERMINGSWET, WET 68 VAN 2008*, WORD DIE VERBRUIKER SE AANDAG DAAROP GEVESTIG DAT DIE TERME EN VOORWAARDES VAN HIERDIE OOREENKOMS 'N BEPERKING VAN AGRICOL (EDMS) BPK ("AGRICOL") SE AANSPREEKLIKHEID EN/OF RISIKO KAN DAARSTEL. DIE TERME EN VOORWAARDES KAN VERDERMEER DAAROP NEERKOM DAT DIE VERBRUIKER VERPLIGTINGE, RISIKO'S EN/OF AANSPREEKLIKHEID AANVAAR ASOOK AGRICOL, IN TERME HIERVAN, SKADELOOS TEEN EISE VIR SKADEVERGOEDING STEL.**

1. **AANVAARDING VAN VERKOOPSVOORWAARDES**: - Die plasing van 'n bestelling en/of lewering van die goedere, welke ookal eerste plaasvind sal die volle en onvoorwaardelike aanvaarding van hierdie verkoopsvoorwaardes daarstel. Die oopmaak van die produkverpakking sal 'n verdere aanvaarding, alternatiewelik 'n bevestiging van aanvaarding, van die verkoopsvoorwaardes daarstel.

2. **KOOP & VERKOOP**:- AGRICOL verkoop hiermee aan die Verbruiker wat koop, die goedere soos aangetoon in die bestelvorm en/of belastingfaktuur, welke transaksie onderhewig is aan die terme en voorvwaardes wat hierin vervat word asook AGRICOL se beleid/e rakende defektiewe produkte.

3. **OORDRAG VAN RISIKO & VERSEKERING**: - Alle risiko van skade en verlies aan produkte gaan met lewering aan die Verbruiker oor. Lewering geskied *ex works*, soos omskryf in die 2010 weergawe van die Internasionale Kamer van Handel se Kommersiële Terme ("Incoterms ®"). Versekering sal slegs op skriftelike versoek deur die Verbruiker en op sodanige terme as wat wedersyds en skriftelik tussen die partye ooreengekom mag word, deur AGRICOL gereël word.

4. **KWALITEIT VAN PRODUKTE**:- AGRICOL neem redelike sorg ten einde te verseker dat die produkte aan hul kwaliteitstandaarde en die Verbruiker se verwagtinge voldoen. In die geval van ontevredenheid met die kwaliteit van die produkte, kan die Verbruiker 'n formele klagte aan AGRICOL rig, welke klagte ooreenkomstig laasgenoemde se beleid rakende defektiewe produkte ingedien en hanteer sal word. Voormelde beleid kan op die webwerf www.agricol.co.za besigtig word, alternatiewelik sal sodanige beleid op aanvraag aan die Verbruiker beskikbaar gestel word. Die goedere se kwaliteit sal bepaal word deur die toepassing van die industrie se aanvaarde standaarde, protokol en Internasionale Reëls vir Saadontleding, soos voorgeskryf deur die Internasionale Saadtoets Assosiasie ("ISTA").

5. **ETIKET & BESKRYWING**:- Die beskrywing en informasie wat op die houer en/of verpakking van produkte aangebring word dien slegs vir identifikasie doeleindes en sal in geen opsig 'n waarborg, van die informasie daarin vervat, daarstel nie.

6. **WAARBORGE & VOORSTELLINGS**:- Geen uitdruklike, alternatiewelik stilswyende, alternatiewelik geïmpliseerde waarborg of voorstelling van enige aard, anders as die voorstellings en/of waarborge hierin vervat, word gelewer in verband met die goedere, die kwaliteit, suiwerheid, genetiese suiwerheid, bruikbaarheid, gebruik, verhandelbaarheid, geskiktheid vir 'n spesifieke doel of vir die bereik van enige resultate, nie. Enige aanbeveling vir die gebruik van die goedere sal op 'n *bona fide* basis geskied, nie bindend op AGRICOL wees nie en in geen opsig enige waarborg daarstel ten opsigte van die geskiktheid of bruikbaarheid van die goedere nie. AGRICOL waarborg nie dat die goedere vry van enige skadelike materiaal of middel, ingesluit maar nie beperk tot swamme, peste, insekte, bakterieë, onkruidsade, chemikalieë en/of ander onsuiwerhede is nie. Die Verbruiker sal uitsluitlik daarvoor verantwoordelik wees om te verseker dat die goedere wel geskik is vir die doel waarvoor dit bekom word.

7. **PRYS & PRYSSKOMMELING**:- Vanweë mark- en wisselkoers skommelinge kan die pryse van goedere, sonder kennisgewing, van tyd tot tyd verander. Gevolglik is die pryse van goedere nie bindend of afdwingbaar op AGRICOL voordat dit nie uitdruklik en skriftelik deur AGRICOL aan 'n die Verbruiker bevestig word nie. Alle pryse gekwoteer sluit Belasting op Toegevoegde Waarde of ander verkoopsbelasting, versekering, stoor- en vervoerkostes uit.

8. **BESKIKBAARHEID VAN VOORRAAD & AFLEWERING**:- Alle bestellings word in goeie trou geneem en sal ten alle relevante tye aan die beskikbaarheid van voorraad onderhewig wees. Afleweringstye van goedere word nie gewaarborg nie moet slegs as 'n geskatte datum van aflewering beskou word. Nieteenstaande die beperking van aanspreeklikheid hieronder na verwys, sal AGRICOL nie aanspreeklik teenoor die Verbruiker wees vir enige verlies of skade, van welke aard ookal, wat gely word weens AGRICOL se gebrek of onvermoë om goedere te voorsien of te lewer of om sodanige goedere op 'n spesifiekte tyd af te lewer nie.

9. **INTELLEKTUELE EIENDOMSREG**:- Die Verbruiker verkry geen regte of lisensie oor die intellektuele eiendomsreg wat in AGRICOL vestig, insidenteel tot en/of geassosieer word met sy handelsmerke, produkte, genetika, formules, vervaardigingsproses of samestelling van die produkte, nie. Die Verbruiker word verder verbied om enige intellektuele eiendomsreg wat in AGRICOL vestig, op enige wyse sonder die vooraf verkreë skriftelike toestemming van AGRICOL te gebruik. Die ongemagtigde vermeerdering en/of herverkoop en/of handel in saad word verbied. Die Verbruiker word verbied om die aangeplante saad te oes en die opbrengs daarvan weer aan te plant, te verhandel of op enige wyse aan te wend of te gebruik wat die immateriële goedereregte, wat in Agricol vestig of waarin Agricol 'n belang het, te skend of op enige wyse te beperk. Die Verbruiker word verdermeer daarop attent gemaak dat die ongemagtigde vermeerdering en/of verkoop of handel in kultivars en saadvariëteite ten opsigte waarvan Planttelersregte, soos bedoel in die *Wet op Planttelersregte, Wet 15 van 1976*, en ander immateriële goedereregte geregistreer is, onregmatig en streng verbode is.

10. **BETALINGSTERME**: - Goedere word slegs op 'n "kontant op lewering" basis aan die Verbruiker verkoop en gelewer. Die goedere sal ten alle relevante tye die uitsluitlike eiendom van AGRICOL bly tot en met die volle koopprys daarvan, insluitende opgelope rente en kostes, indien enige, ten volle betaal is. AGRICOL behou die reg voor om goedere, in sy uitsluitlike diskresie, op krediet, insidentele krediet of andersins, aan 'n Verbruiker te verkoop en te lewer, in welke geval die terme en voorwaardes insidenteel tot sodanige kredietooreenkoms op skrif gestel en deur beide AGRICOL en die Verbruiker onderteken moet word. Saamgestelde rente bereken teen 2 % per maand, bereken vanaf datum van lewering van die goedere tot datum van volle vereffening, sal op alle agterstallige bedrae gehef word. Die rente sal op 'n maandelikse basis gekapitaliseer word.

11. **REGSKOSTE**: - Alle fooie, kostes en uitgawes, op 'n skaal soos tussen prokureur en kliënt, insluitende invorderingskommissie en opsporingsfooie, aangegaan deur AGRICOL tydens die invordering van enige bedrag verskuldig deur die Verbruiker of in die afdwinging van enige regte en/of verpligtinge voortspruitend uit die ooreenkoms, sal verhaalbaar wees van en betaalbaar wees deur die Verbruiker.

12. **AANSPREEKLIKHEIDSBEPERKING**: - AGRICOL se aanspreeklikheid teenoor die Verbruiker vir enige verlies en/of skade (insluitende gevolgskade) sal beperk word tot die koopprys van die goedere wat die onderwerp van die Verbruiker se eis vorm. Die Verbruiker doen hiermee afstand en/of abandoneer enige gedeelte van sy eis wat voormelde perk oorskry.

13. **VOLLE EN FINALE OOREENKOMS**: - Hierdie ooreenkoms stel die volle en finale ooreenkoms tussen die partye daar. Geen wysigings tot die ooreenkoms, insluitende hierdie klousule, sal bindend en/of afdwingbaar wees tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is nie.

14. **TOESTEMMING TOT JURISDIKSIE**: - Die partye stem hiermee, in terme van *Artikel 45 van die Wet op Landdroshowe, Wet 32 van 1944 (soos gewysig)*, toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof, ondanks die feit dat die eisoorsaak andersins buite die jurisdiksie van die Landdroshof sou val en sonder benadeling van die partye se reg om 'n aksie en/of aansoek in 'n Hoër Hof, wat wel die nodige jurisdiksie het, in te stel. Die partye stem verder toe dat enige dispuut, van welke aard ookal, wat voortspruit uit hierdie ooreenkoms, deur die eksklusiewe toepassing van die Suid-Afrikaansereg besleg word.

15. **KONFLIK IN TERME**: - In sovêrre die Afrikaanse weergawe van dié verkoopsvoorwaardes in konflik met die Engelse weergawe is, sal die Engelse weergawe gehandhaaf word.

16. **MAGTIGING OM TE KONTRAKTEER**: - Beide die Verbuiker en ondertekenaar van hierdie ooreenkoms waarborg hiermee dat alle interne prosesse gevolg was en dat hy/sy behoorlik daartoe gemagtig is om hierdie ooreenkoms met AGRICOL te sluit.

17. **SUKSESVOLLE VERBOUING**: - Die Verbruiker gee hiermee te kenne dat die suksesvolle verbouing van alle variëteit gewasse seisoen- en/of streeksgebonde kan wees. Dit mag verdermeer onderworpe wees en/of beïnvloed word deur die korrekte implementering van erkende, geskikte boerdery praktyke, gunstige klimaatstoestande, en/of bergingstoestande.